



*'Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur **vuur** gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die **vlam** sal jou nie brand nie. Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland;...'*

(Jes 43:1-3)



‘Remember Shadrach, Meshach and Abednego. God didn’t put out the fire, He just put Jesus in there with them. It’s not about God ‘putting out your fires all the time’, it’s about Who is in there with you...’



Na bykans 'n leeftyd van getroue bediening aan die Gemeente Smirna is hul bejaarde herder Polycarpus verradai aan die Romeinse owerheid deur 'n broer in hulle geloofsgeledere wat leerstellig van hom verskil het.



Hy is voor die Romeinse gowerneur gebring en die keuse gegee om te sweer die Keiser is Here en God en Christus te verloën waarna hy vrygelaat sou word, of so nie die doodstraf te ontvang.



Hy het die gowerneur geantwoord en gesê: ' Ek het die Here Jesus **86** jaar lank gedien en nie een keer het Hy my in die steek gelaat of my kwaad aangedoen nie. Hoe kan ek my Koning laster wat my gered het? Die goewerneur het hom die honger leeus en wilde honde gewys, vir hom uitgespel wat dit beteken en gevra of hy seker is van sy saak.



Sy antwoord was: 'Laat hulle kom, ek is seker van my saak, my oortuiging is vas.' Toe die gowerneur sien dat dit hom nie afskrik nie het hy vir hom gesê: 'As die wilde diere jou nie van plan laat verander nie, dan gaan ek jou lewendig aan die brand steek!'



Polycarpus antwoord toe en sê: 'U dreig my met 'n vuur wat vir 'n uur brand en dan ophou, maar U beseft nie daar's 'n ander oordeels vuur van God wat vir ewig die goddeloses sal straf nie.'



In 'n woede uitbarsting het hierdie Romeinse konsulaat onmiddelik opdrag gegee dat 'n brandstapel gepak moes word vir hierdie leier van die gemeente in Smirna wat toe al diep in sy negentiger jare was.



Toe hulle op die punt kom om hom aan die regop paal vas te spyker, soos die gebruik was, het Polycarpus aan hulle gesê: 'Laat my net so staan, Hy wat my die krag sal gee om in die vuur te staan sal my laat stil staan.'



Hulle het ingestem en net sy hande agter hom vasgemaak met 'n tou. Hy het hardop die volgende gebid: 'Vader, dankie dat U my tot hierdie dag en uur geroep het en dat U my waardig geag het om 'n getuie vir U te wees en my plek in te neem saam met baie ander van U heilige diensknegte en profete.'



Die oomblik toe hy 'amen' sê het die offisiere die vuur aangesteek. Die vlamme het tot hoog bo sy kop verby gestrek, maar Polycarpus het nie gebrand nie!



Van die omstaanders wat dit alles aanskou het, se woorde was: 'Hy het nie gelyk soos iemand wat verbrand word nie, maar soos 'n stuk goud of silwer wat glinster in die vuur.'



Almal wat bygestaan het het egter getuig dat hulle 'n onmiskenbare lieflike reuk geruik het terwyl dit alles besig was om te gebeur.



Die vuur het letterlik niks aan hom gedoen nie en daarom het die offisier in bevel opdrag gekry om hom met 'n kort dolk swaard dood te steek wat hy dan ook dadelik gedoen het.



Daar het soveel bloed uit die wond gevloei dat die vuur onmiddelik geblus is en so het die bejaarde Polycarpus, dienskneg van die gemeente in Smirna blymoedig vir sy geloof in Christus gesterf.



DANIEL III





*Daniël: Eerste maklike deel
→ 6 fantastiese verhale...*

*Daniël: Tweede moeiliker deel
→ 4 fenominale visies...*



DANIËL 1-6	DANIËL 7-12
Verhale met wonderwerke ...	Visies met profesie...
In die derde persoon 'hy'	In die eerste persoon 'ek'
Geskryf oor Daniël...	Geskryf deur Daniël...
Gedurende Daniël se lewe...	Na Daniël se lewe...
Die hede	Die toekoms



Dan 3:1-30. 'Koning Nebukadnésar het 'n **beeld** van **goud** gemaak; sy hoogte was sestig el, sy breedte ses el; hy het dit opgerig in die dal Dura, in die provinsie Babel.





*‘Daarna het koning **Nebukadnésar** die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneurs, die raadsmanne, die skatmeesters, die regters, die hoofamptenare en al die bestuurders van die provinsies laat versamel, dat hulle moes kom na die **inwyding** van die beeld wat koning Nebukadnésar opgerig het.*



*'Toe het die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneys, die raadsmanne, die skatmeesters, die regters, die hoofamptenare en al die bestuurders van die provinsies bymekaargekom by die **inwyding** van die **beeld** wat koning Nebukadnésar opgerig het, en hulle het voor die beeld gaan staan wat **Nebukadnésar** opgerig het.*





*'En 'n uitroeper het hardop geroep: Julle word aangesê, o volke, nasies en tale, sodra julle die geluid hoor van horing, fluit, siter, luit, harp, doedelsak en van allerhande **musiekinstrumente**, moet julle neerval en die goue beeld **aanbid** wat koning Nebukadnésar opgerig het.*



*'En hy wat nie neerval en **aanbid** nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word.*





*‘Daarom het, op die oomblik toe al die volke die geluid van horing, fluit, siter, luit, harp en van allerhande **musiekinstrumente** hoor, al die volke, nasies en tale neergeval en die goue beeld **aanbid** wat koning Nebukadnésar opgerig het. Op grond daarvan het tegelykertyd Chaldeeuse manne nader gekom en die **Jode** aangeklaag.*




*'En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se **beeld** te gee, sodat die dier se **beeld** ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie **aanbid** nie.'* (**Op 13:15**)



*'En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy **beeld** nie **aanbid** het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.'* (**Op 20:4**)



Op 14:9, 14:11, 16:2 & 19:20.





*‘Daarop het hulle met koning **Nebukadnésar** gespreek en gesê: Mag die koning vir ewig lewe! U, o koning, het ‘n bevel gegee dat elke mens wat die geluid van horing, fluit, siter, luit, harp en doedelsak en van allerhande **musiekinstrumente** hoor, moet neerval en die goue beeld **aanbid**; en dat hy wat nie neerval en **aanbid** nie, binne-in die brandende vuuroond gegooi moet word.*



*'Daar is **Joodse** manne wat u oor die bestuur van die provinsie Babel aangestel het, **Sadrag**, **Mesag** en **Abednégo**; hierdie manne het hulle, o koning, aan u nie gesteur nie; hulle dien u gode nie en die **goue beeld** wat u opgerig het, **aanbid** hulle nie.*



*DIKTATORSKAP van: DUISTERNIS, DOOD, DREK,
DESEPSIE, DIVISIE, DEKADENSIE, DESTRUKSIE &
DRUK op Israel...*



*'Toe het Nebukadnésar, toornig en woedend, bevel gegee om Sadrag, Mesag en Abednégo te laat kom. Daarop is die manne voor die koning gebring. En Nebukadnésar het gespreek en vir hulle gesê: Is dit met opset, Sadrag, Mesag en Abednégo, dat julle my gode nie dien nie en die **goue beeld** wat ek opgerig het, nie **aanbid** nie?*



*'As julle dan nou, sodra julle die geluid van horing, fluit, siter, luit, harp en doedelsak en van allerhande musiekinstrumente hoor, bereid is om neer te val en die **beeld** wat ek gemaak het, te **aanbid**, goed; maar as julle nie **aanbid** nie, sal julle oombliklik binne-in die brandende vuuroond gegooi word, en wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?*



'Sadrag, Mesag en Abednégo het geantwoord en aan koning Nebukadnésar gesê: Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie.



'...we do not need to defend ourselves before you in this matter...'



'Your threat means nothing to us...'





*'As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die **goue beeld** wat u opgerig het, nie sal **aanbid** nie.*



*'If we are thrown into the blazing furnace, the God we serve is able to deliver us from it, and he will deliver us from Your Majesty's hand. But even if he does **not**, we want you to know, Your Majesty, that we will not serve your gods or **worship** the **image** of gold you have set up.'*



*'Toe het Nebukadnésar baie woedend geword en sy gelaatstrekke het verander teenoor Sadrag, Mesag en Abednégo; as antwoord het hy bevel gegee om die oond **sewe maal** warmer te maak as wat eintlik nodig was.*



*'En aan sommige van die **sterkste manne** wat in sy leër was, het hy bevel gegee om Sadrag, Mesag en Abednégo te boei, om hulle in die brandende vuuroond te gooi.*



*'Toe is daardie manne geboei met hulle mantels,
hulle broeke en hulle tulbande en hulle ander
klere aan, en hulle is binne-in die brandende
vuuroond gegooi.*



'Omdat dan nou die woord van die koning streng en die oond uitermate verhit was, het die vlam van die vuur daardie manne wat Sadrag, Mesag en Abednégo opgeneem het, doodgebrand.



'Maar daardie drie manne, Sadrag, Mesag en Abednégo, het geboeid binne-in die brandende vuuroond geval. Toe het koning Nebukadnésar verskrik geword en haastig opgestaan; hy het sy raadsmanne toegespreek en gesê:



*'Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie? Hulle antwoord en sê aan die koning: Sekerlik, o koning! Hy antwoord en sê: Kyk, ek sien **vier manne** los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun.*




CHRISTOFANIE:

Moses...

Jakob...

Joshua...

Stefanus...





'Toe het Nebukadnésar nader gekom na die opening van die brandende vuuroond en daarop gesê: Sadrag, Mesag en Abednégo, knegte van die allerhoogste God, gaan uit en kom hier! Toe het Sadrag, Mesag en Abednégo uit die vuuroond uitgegaan.'



‘Daarop het die landvoogde, die bevelhebbers en die goewerneurs en die raadsmanne van die koning vergader en aan daardie manne gesien dat die vuur geen mag oor hulle liggame gehad en die hare van hulle hoof nie geskroei het nie, en dat hulle mantels geen verandering ondergaan en die reuk van die vuur nie aan hulle gekom het nie.’



*‘Daarop het Nebukadnésar gespreek en gesê:
Geloofd sy die God van Sadrag, Mesag en
Abednégo, wat sy engel gestuur en sy knegte
verlos het wat hulle op Hom verlaat het en die
bevel van die koning oortree het, en wat hulle
liggame oorgegee het om geen ander god te
dien of te **aanbid** nie, behalwe hulle God.’*



*‘Ek roep julle nader deur bemoediging omdat God genadig is, om julle **liggame** as ‘n lewende, heilige en aanvaarbare offer tot beskikking van God te stel, want dis die begin van julle diensbaarheid-**aanbidding.**’ (Rom 12:1)*



*‘Waarmee sal die **jongmens** sy pad suiwer hou?
Deur dit te hou na u woord.’ (Ps 119:9)*



*‘Verbly jou, o **jongmens**, in jou **jeug** en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou **jonkheid**; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar **weet** dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.’*

(Pred 11:9)



*'En **dink** aan jou Skepper in die dae van jou **jonkheid** voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie...' (**Pred 12:1**)*



*'Daarom word deur my bevel gegee dat enige volk, nasie of taal wat oneerbiedig spreek oor die **God** van Sadrag, Mesag en Abednégo, stukkend gekap en van sy huis 'n mishoop gemaak sal word, **omdat** daar geen ander god is wat so kan **verlos** nie.*



*'Toe het die koning Sadrag, Mesag en
Abednégo **voorspoedig** laat wees in die
provinsie Babel.'*



DANIEL III

